LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

20 Oktober 2022

Algemene Jaarvergadering – 25 Oktober 2022

Dit is weer tyd vir die jaarlikse vergadering waar u as ouers terugvoer ontvang oor die jaar se werksaamhede, finansiële state en waar die begroting van 2023 deur-gegee en goedgekeur moet word. Ons gaan ook terugvoer gee oor afgehandelde projekte en nuwe beplanning om die skool te verbeter.

Dit is daarom vir ons belangrik dat soveel moontlik van ons ouers die geleentheid bywoon. Alhoewel ons slegs 176 ouers nodig het om 'n kworum te hê en dus die vergadering te laat voldoen aan wetgewing, is ons visie betrokke ouers wat saam verantwoordelikheid neem en voorstelle maak.

Ons is ook in die proses om ons sport- en koordrag te vernuwe. Dit is dan hier waar ons vir die heel eerste keer vir u 'n kykie gaan gee hoe al ons sportdrag en koordrag in 2023 gaan lyk. Ons Junior- en Seniorkoor gaan ook optree.

Ons in bekend as 'n gemeenskap skool waar ons ouers as vennote sien!

Die reëlings is as volg:

Datum:	Dinsdag 25 Oktober
Tyd:	17h30 vir 18h00
Plek:	Skoolsaal
Stemgeregtigtes:	Beide ouers mag stem van leerders van Gr 1 - 6

Leipie Groete

Pieter Ferreira
Skoolhoof

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton
Posbus 14022, Lyttelton, 0140 | **Tel:** +27 12 664 5798/9
E-pos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za
Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za
Webwerf: www.louisleipoldt.co.za